# BESTUUR JOU BELASTINGNAKOMINGSTATUS BY SARS

## Wat is nuut?

**4 November 2019** - Die uitreik van die gedrukte belastingklaringsertifikaat (TCC) is gestaak vanaf 4 November 2019. Sedert die nuwe belastingnakomingstatus (TCS) stelsel in 2015, het ons te kenne gegee dat die gedrukte TCC op 'n latere stadium stopgesit sal word. Alle TCC's wat tans in sirkulasie is, sal gekanselleer word. Die TCS PIN stel jou in staat om enige derde party ('n organisasie of regeringsdepartement) te magtig om jou status aanlyn deur eFiling te besigtig. Dit sal jou algehele belastingnakomingstatus vertoon, soos op die datum en tyd van besigtiging. Om belastingpligtige-vertroulikheid te beskerm, sal geen ander inligting aan 'n derde party toeganklik wees nie.

## Wat is dit?

In ons voortgesette ywer om nakoming te verbeter en om dit selfs makliker te maak vir belastingpligtiges om hulle belastingsake te bestuur, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) 'n versterkte belastingnakomingstatusstelsel bekendgestel.

Om belastingnakomend te wees en jou regmatige deel te betaal, is nie net tot jou eie voordeel nie, maar dra by tot die positiewe groei van ons land se ekonomie wat wederkerig alle Suid-Afrikaners bevoordeel.

Die TCS-stelsel is beskikbaar vir die volgende toepassing:

- Goeie reputasie
- Tender
- Buitelandse beleggingstoelaag
- Emigrasie

Om vir jou TCS aansoek te doen, kan jy die TCS-stelsel betrek deur TAX STATUS op die kieslys op eFiling te kies of deur jou naaste SARS-tak te besoek.  Indien jy enige navrae het, skakel asseblief die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.

## Waarvoor is dit?

Die nuwe stelsel sal dit makliker maak vir belastingpligtiges om hulle belastingnakomingstatus (TCS) PIN deur die volgende kanale te kry:

- Aanlyn deur eFiling
- Deur 'n SARS-tak te besoek.

Die TCS-PIN kan slegs deur gemagtigde derde partye gebruik word om jou nakomingstatus aanlyn deur SARS eFiling te verifieer.

Dit is belangrik om te onthou dat 'n belastingpligtige se nakomingstatus nie staties is nie en verander volgens sy/haar voortgesette nakoming van belastingvereistes.

## Wat moet ek doen?

Met dit ingedagte, om belastingnakomend te wees, moet jy seker maak dat:

- Jy geen uitstaande belastingopgawes het nie
- Jy geen geld aan SARS skuld nie, tensy 'n betalingsreëling getref is of daar ooreengekom is tot opskorting van skuld
- Jy vir al die belastingprodukte geregistreer is waarvoor jy aanspreeklik is

- Jou geregistreerde besonderhede op datum is. Vir meer inligting oor hoe om jou geregistreerde besonderhede op te dateer, klik hier.
- Jy het al jou geregistreerde belastingverwysingsnommers òf saamgevleg (deur die "Merge"-opsie op eFiling) òf verklaar (op die ERC01-vorm beskikbaar as deel van die TCS-proses op eFiling). Vir meer inligting oor samevlegging, klik hier.

Die nuwe TCS-stelsel het as middelpunt die “My Compliance Profile" (MCP) funksionaliteit. Die MCP stel belastingpligtiges in staat om hulle belastingnakomingstatus aanlyn te besigtig, soos bepaal deur SARS, om sodoende enige geïdentifiseerde nie-nakoming reg te stel. Die bekendstelling van die MCP, bemagtig belastingpligtiges met meer inligting oor hulle belastingnakoming en vorm die basis vir die algehele nakomingstatus uitgereik met betrekking tot TCS-aansoeke (byvoorbeeld, vir tender of goeie reputasie, en ander).

Vir meer inligting oor die belastingnakomingstatusprosesse, volg die skakels hieronder:

- Hoe om toegang tot die “My Compliance Profile” (MCP) op SARS eFiling te kry
- Hoe om jou belastingnakomingstatus aan te vra
- Hoe om jou belastingnakomingstatus te verifieer

Benodig jy hulp?

Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277) of besoek jou naaste SARS-tak.